Maandag 18 Mei
Skrifgedeelte: Matteus 10:1-15 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Matteus 10:5-7
Christus stuur uit genade die evangelie na die Jode, maar ook na ons

Die rede hoekom daar kerke in Suid-Afrika is, die rede hoekom jy hierdie woorde nou kan lees, die rede hoekom ek en jy glo, is omdat God mense gestuur het om die evangelie te verkondig. Sonder dat ons dit verdien, soek en red God die wat verlore is (Matt. 10:6; Luk. 19:10).

As God nie na ons soek en uit genade geloof en redding aan ons skenk nie, dan is ons verlore. God het reeds in die Ou Testament uit genade 'n volk vanuit al die volke van die wêreld gekies om tot sy eiendom te maak – Israel (Deut. 7:7-9). God het dus vir Abraham geroep en 'n verbond met hom en sy nageslag gemaak (Gen. 12:1-3). God het met hierdie verbond reeds al die nasies in die oog gehad. Hy werk egter deur Israel om sy genadeplan te laat ontvou. Aan Israel het Hy 'n Koning belowe wat sy Koninkryk sou bring (Gen. 49:10; 2 Sam. 7:12-14; Sag. 9:9; Jes. 9:5-6).

Hierdie Koning, hierdie Messias het uit Israel, die nageslag van Juda gekom. Daarom het Hy sy dissipels eers na die verlore skape van Israel gestuur om in Matteus 10:7 te sê: "Die Koninkryk van die hemele is op hande." Die Messias wat Israel verwag het, het gekom. Dit is 'n evangelie eers vir die Jode en dan vir die Grieke (Rom. 1:16). God het hierdie evangelie wat die apostels verkondig het deur tekens en wonders van die Heilige Gees bevestig (Heb. 2:3-4).

Aan die einde van Matteus lees ons dat Jesus weer sy dissipels gestuur het. Hierdie keer was dit na al die nasies (Matt. 28:16-20). Uit genade het die evangelie ons ook bereik. God het ons wat verlore was, kom soek. Ons geloof getuig daarvan dat Hy ons gevind het. Hy stuur ons nou om waar ons gaan ook hierdie evangelie te verkondig.

*Sing: Psalm 119-1:63*

*Ds. SB (Barend) van der Westhuizen (Ermelo)*